

Graad 9

Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre bied met graagte die volgende agt(8) leseenhede aan wat die Graad 9 KABV (CAPS) Geskiedenis-leerplan dek:

Mislukking van die Weimar Republiek, die opkoms van Nazi-Duitsland,aanvang van die Tweede Wêreld-oorlog, die Holocaust, mense se ondervindinge en weerstand

Eenheid 1

Nadraai van die Eerste Wêreld-oorlog

Mislukking van die Weimar Republiek van Duitsland

Teen die einde van hierdie eenheid behoort die leerlinge bekend te wees met :

1. Die impak van die Eerste Wêrld-oorlog en die Verdrag van Versailles op die politieke en ekonomiese lewe van Duitsland
2. Waarom die Weimar Republiek misluk het
3. Die opkoms van Hitler en die Nazi Party

Eerste Wêreld-oorlog 1914-1918

Verdrag van Versailles

Sommige van die terme toegepas op Duitsland:

- Aanvaar verantwoordelikheid vir die oorlog
- Landsgebied verwyder
- Betaal hewige skadevergoeding
- Weermag en vloot afgeskaal

Eenheid 1 behandel die redes vir die mislukking van die Weimar Republiek as 'n demokrasie.

Die nadraai van die Eerste Wêreld-oorlog, soos gedek in Graad 8, word ook behandel.

Duitsland was gedwing om die Versailles Ooreenkoms te teken. Die bepalings van hierdie verdrag was baie moeilik.

Die Duitse bevolking moes volle verantwoordelikheid aanvaar vir die oorlog. Hulle moes ook van huule landsgebied opgee en skadevergoeding betaal, m.a.w. hulle moes die onkoste van die oorlog terugbetaal aan die ander lande. Duitsland se weermag en vloot was ook afgeskaal

Hoe, dink jy, het die Duitse bevolking hieroor gevoel??



In die Duitse koerant Kladderadatsch. Dit was gedruk in 1919 en die byskrif was Clemenceau, die Vampier

(Clemenceau word uitgespreek as Kle-men-so)

Clemenceau was die Eerste Minister van Frankryk. Kyk wat hy besig is om te doen in hierdie strokiesprent. Wie dink jy word voorgestel deur die jong dame op die bed? Kyk hoe word sy en Clemenceau uitgebeeld.

- Wat is die ou man besig om te doen?
- Wie, dink jy, word voorgestel deur die vlermuise in die venster en waarvoor wag hulle?

Jy kan baie leer van strokiesprente. Dink wat die kunstenaar van die prent en die lesers van die koerant se opinie was van die Verdrag van Versailles.

Die Versailles-ooreenkoms beveel die politieke veranderinge in Duitsland. Oorspronklik 'n konstitusionele monargie, was Duitsland regeer deur 'n koning afkomstig van die koninklike familie en nie aangestel deur 'n verkiesing nie. Sy mag was egter beperk deur die konstitusie.

Die Verdrag van Versailles beveel Duitsland om nou 'n demokrasie te word. Die regering sou deur 'n verkiesing deur die bevolking aangestel word. Die president is verkies en hy sou die kanselier (soortgelyk as 'n eerste minister) aanstel. Omdat hierdie stelsel gesien was as deel van die verdrag, was dit nooit gewild nie.

Die bevolking het dit nie objektief beskou nie. Die Duitsers was kwaad omdat dit op hulle afgedwing was. Hierdie demokrasie staan bekend as die Weimar Republiek van Duitsland.

Artikel 22

Lede van die parlement word verkies in ‘n algemene, gelyke en geheime verkiesing; mans en vrouens ouer as 20 kan stem

Artikel 109

Alle Duitsers het gelyke regte volgens wet.

Mans en vrouens het dieselfde regte en verantwoordelikhede

Artikel 114

Die regte van die individu is onskendbaar

Artikel 122

Die jeug moet beskerm word teen uitbuiting so wel as teen morele en geestelike afbreking, ligaamlike verwaarloosig.

Artikel 135

Ongesteurde beoefening van geloof word gewaarborg deur die konstitusie en is geplaas onder die beskerming van die staat

Die demokrasie het ‘n konstitusie wat baie goeie artikels of wette bevat. Byvoorbeeld:

1. Lede van die parlement sou verkies word in ‘n algemene, gelyke , onmiddellike en geheime verkiesing. **Hoekom, dink jy, moes die stemme geheim gehou word?** Hoekom moes kiesers nie met ander deel vir wie hulle stem nie?
2. Mans en vrouens ouer as 20 jaar kon stem, soortgelyk as Suid-Afrika, waar stemreg toegeken word aan persone 18 jaar en ouer.Wat buitengewoon was is dat vrouens ook kon stem, aangesien dit ongehoord was honderd-en-een jaar gelede.
3. Almal het gelyke regte volgens wet geniet, ongeag of jy manlik of vroulik was,maar dit het gepaard gegaan met dieselfde verantwoordelikheid om wetsgehoorsaam te wees.
4. Individu se regte was onskendbaar.
5. Jeugdiges moes beskerm word in alle afdelings van hul lewe.
6. Geloof kon vrylik beoefen word onder die beskerming van die staat.

Dit was ‘n gevorderde, redelike konstitusie, soortgelyk as Suid-Afrika s’n.

Baie van die artikels in Duitsland se konstitusie is dieselfde as die artikels in Suid-Afrika se konstitusie.

Duitsland ondergaan 'n politieke omwenteling. Die Duitse bevolking kon nie saamstem oor 'n vorm van regering nie.

Daar was politieke partye wat ten gunste van demokrasie was. Ander partye was gekant teen demokrasie, vir verskillende redes. Sommige wou 'n diktator aan bewind hê, iemand met totale beheer, wat hulle sou beveel wat om te doen. Ander partye het 'n kommunistiese bewind verkies.

Duitsland se politieke toestand was dus onstabiel. Die land se ekonomie was ook baie swak.

- Ten gunste van Demokrasie: Sosiale Demokratiese Party, Beierse Party, Sentrum Party....
- Gekant teen demokrasie: Duitse Nationalistiese Party, Nazi Party, Duitse Bevolkingsparty ...hierdie partye wou 'n diktorskap i.p.v. 'n demokrasie hê. Baie van die lede was oudsoldate
- Ander partye gekant teen demokrasie(verskillend van bogenoemde partye) : Die Kommunistiese Party ... was die hoof linkse party en baie van hul lede was ook oudsoldate

Duitsland ondergaan ook 'n ekonomiese omwenteling. Inflasie, wanneer geldeenhede se waarde daal van jaar tot jaar, was buite beheer. Pryse het gestyg, maar salarissee het dieselfde gebly.

Duitsland is nou onderworpe aan hiper-inflasie, waar die geldeenheid heeltemal waardeloos was. Kinders gebruik stapels note as speelgoed. Duitsers het die papiergele ook gebruik in hul stowe om hul huise warm te hou.



**Kinders speel met
stapels geld**



**Kinders speel met
stapels geld**



November 1918 1 DM
November 1922 163 DM
September 1923 1,500,000
DM
November 1923
200,000,000,000 DM


Die Dawes Plan 1924



Gustav Stresemann – Duitse Minister van Buitelandse sake - en Charles Dawes, die vise-president van Amerika, bereik 'n ooreenkoms waarvolgens Amerika geld aan Duitsland sou leen sodat hulle die oorlogskuld kon betaal en die ekonomie kon herbou.

Stresemann skep 'n nuwe geld-eenheid, die Rentenmark.

1928 Verkiesing



Source A
Percentage of seats won in the Weimar German Reichstag (Parliament) - 20 May 1928 Elections

Sourced from: www.marxists.org/archive/trotsky/germany/elect.htm. Accessed 15 January 2014

Wanneer ons kyk na die bygaande diagram sal ons sien dat die Sosiale Demokratiese Party die meeste verteenwoordigers in parlement gehad het in 1928.

Die Nazi Party het slegs 'n baie klein persentasie van die stemme ontvang aangesien die bevolking van die opinie was dat hul ideologie buitensporig ekstreemstadies was.


1929

Ineenstorting van die aandele-mark in Amerika

Met die ineenstorting van die aandele-mark in Amerika was die lenings aan Duitsland gestaak.

As gevolg hiervan het Duitsland se ekonomiese situasie gestort.

1930 Eleksie



Source B
Percentage of seats won in Weimar Germany's Reichstag (Parliament) - 14 September 1930 Elections

Sourced from: www.marxists.org/archive/trotsky/germany/elect.htm. Accessed 15 January 2014

Die sirkelgrafiek, twee jaar na die eerste een van 1928, dui duidelik aan dat die Nazi Party meer stemme ontvang het (18,3 %) en dat die ander party stemme verloor het.

Die bevolking het begin aandag skenk aan die minderheidspartye aangesien hulle beloftes gemaak het, en wanneer mense desperaat is, is hulle geneig om beloftes om dinge beter te maak, te glo.

Aangesien die ekonomie in Duitsland ineengestort het, en die Nazi's en Hitler belowe het om werk en behuising te verskaf, sowel as stabiliteit en sekuriteit, het baie meer mense in Duitsland vir hulle begin ondersteun.

Hitler se Opkoms tot Mag en die einde van Duitsland se demokrasie

- Julie 1932 Algemene Verkiesing: Nazi Party 37.27%
- November 1932 Algemene Verkiesing: Nazi Party 33%
- Die Nazi's bereik nie 'n meerderheid stemme in die verkiesing nie. Hulle vorm koalisies met ander konserwatiewe party
- January 30, 1933 - Paul Von Hindenberg, President van Duitsland, stel Hitler aan as Kanselier van Duitsland
- Maart 23, 1933 - Die wet om die nood van die bevolking en die land op te los word aanvaar. Dit staan bekend as die Aktiveringswet
- Hierdie wet stel Hitler in staat om wette te maak sonder die toestemming van parlement of die president. Demokrasie word amptelik beëindig
- Duitsland word nou 'n diktatorskap

VRAE

1. Kyk na die strokiesprent op bladsy 2 en beantwoord die volgende vrae:
 - a) Watter land word voorgestel deur die jong dame op die bed?
 - b) Watter lande word deur die vlermuise in die venster gesimboliseer?
 - c) Hoekom is hulle daar?
 - d) Wie is die bejaarde man op die bed?
 - e) Hoe is die Verdrag van Versailles deur die kunstenaar van die strokiesprent beskou en uitgebeeld?
2. Kyk na die artikels van die Weimar Republiek van Duitsland se konstitusie op bladsy 3. Vind 3 soortgelyke artikels in Suid-Afrika se konstitusie van 2021.
3. Bestudeer die twee sirkelgrafieke wat die resultate van die 1928 en 1930 verkiesings illustreer. Verskaf 'n rede vir die opkoms van die Nazi Party se persentasie in stemme en hul gewildheid.

ADDISIONELE HELPBRONNE

Cape Town Holocaust & Genocide Centre:
<http://ctholocaust.co.za/>

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube:
<https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ>

United States Holocaust Memorial Museum
<https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/hitler-comes-to-power>

Facing History and Ourselves
<https://www.facinghistory.org/resource-library/video/hitlers-rise-power-1918-1933>